Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 13

18 April 2017

Geagte Ouers

OMSENDBRIEF 2-2017

Ons amptelike omsendbrief van die tweede kwartaal verskyn op Maandag, 24 April 2017. Hierdie skrywe bevat alle belangrike datums van die toetsreeks, buitemuurse aktiwiteite ens.

OUERAAND – MAANDAG, 24 APRIL 2017 17:00 TOT 19:00

Alle leerders het reeds hulle bevorderingstate ontvang. Ons glo ouers het dit nagegaan en hulle vergewis van die slaag en bevorderonsvereistes op die rapport. Indien u enige bekommernisse het, kom bespreek dit gerus tydens die oueraand.

GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2018

Die voorlopige datum vir die “Online” registrasies begin op Dinsdag, 2 Mei 2017 om 08:00. Sodra ons meer inligting vanaf die Departement ontvang, sal ons u in kennis stel.

GRAAD R 2018 INSKRYWINGS

Ons sal bogenoemde ouers vanaf middel Mei 2017 in kennis stel of hulle kinders plek gekry het by Laerskool Villieria vir 2018 al dan nie.

SAKKEPROJEK

Met groot dank steeds aan elke ouerhuis wat entoesiasties deelneem aan ons sakkeprojek. Sodra ons weer ‘n aflewering ontvang, sal ons u verwittig van die uitdeeldatum van die sakke.

NETBAL

Die O/10 tot O/13 dogters speel Donderdag, 20 April 2017 teen Laerskool Mayville wedstryde by Laerskool Villieria en nie meer weg soos vroeër aangedui is nie. Die dogters ontvang vandag 'n program.

RUGBY

Rugby oefening gaan voort soos in die verlede.

DAG	SPAN	TYE
Maandag	O/9 & O/10	15:00 – 16:00
	O/11 & O/13	16:00 – 17:00
Dinsdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00
Donderdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00

MINI-NETBAL

Daar is wedstryde wat plaasvind by Laerskool Villieria op Donderdag, 20 April 2017 vir die O/7 tot O/9 spanne. Dit begin om 14:00.

Daar sal geen wedstryde wees vir al die O/6 Mandjie-netbaldogters nie, maar wel oefening vanaf 13:00 tot 14:00.

BULLETJIERUGBY

Op Saterdag, 22 April 2017 vind daar weer 'n Bulletjierugbydag by Laerskool Villieria plaas. Die leerders wat deelneem sal 'n skrywe ontvang.

REVUE

As gevolg van 'n personeelvergadering op Woensdag, 19 April 2017, sal daar geen oefening vir beide revuegroepe wees nie. Die leerders moet asseblief Saterdag, 13 Mei 2017 oophou vir 'n ekstra oefening aangesien ons op Dinsdag, 16 Mei 2017 ons oudisie sal aflê. Die ekstra oefening van Vrydag, 21 April 2017 word afgestel.

STEMOPNAME

Die stemopname vir ons revuegroepe vind plaas op Maandag, 24 April 2017 vir die Juniorgroep en Dinsdag, 25 April 2017 vir die Seniorgroepe. Die leerders ontvang binnekort 'n brief met die nodig inligting. Dit sal in skooltyd plaasvind.

EISTEDDFOD

Die Eisteddfod vind plaas in die week van 22 tot 26 Mei 2017. Elke leerder se individuele tyd sal nader aan die tyd gegee word. Die leerders sal net op een van hierdie dae deelneem. Verdere inligting is nog nie ontvang nie. Daar sal geen oefening op Woensdag, 19 April 2017 wees nie.

LANGNAWEEK 27 APRIL 2017 TOT 1 MEI 2017

Neem kennis dat alhoewel ons perdfris en uitgerus is, ons weer op ‘n stewige langnaweek afstuur. Donderdag, 27 April 2017 is Vryheidsdag, Vrydag, 28 April 2017 is ‘n skoolvakansiedag en Maandag 1 Mei 2017 is Werkersdag.

Vriendelik groete

D P HAASBROEK

HOOF